Lady@OUT

Ons het nog altyd geweet dat dames veiliger en meer verantwoordelik as die manlike geslag is en hulle baat dus deur minder op hulle versekering te betaal by OUTsurance. Nou bied ons selfs meer vir dames met ons nuwe innoverende pakket eksklusief vir ons vroulike kliënte...

Ekslusiewe dekking vir dames

OUT SURANCE

Waar jy altyd iets uitkry.

08 600 60 000

www.outsurance.co.za

OUTsurance is 'n gemagtigde finansiële dienste verskaffer.

HANDYMAN@OUT:

Alhoewel OUTsurance alreeds voorsiening maak vir noodsituasies met Help@OUT Tuis- en Padbystand, weet ons dat daar steeds daardie los takies in en om die huis is waarmee jy hulp nodig het (soos byvoorbeeld om 'n skildery op te hang). OUTsurance sal die uitroepfooi en een uur se arbeid betaal vir 'n nutsman om jou te help. Die koste van materiaal, parte en bykomende arbeid word nie ingesluit nie. Die jaarlikse limiet vir hierdie voordeel is 'n maksimum van drie geleenthede, of 'n koste van R2,000 – wat ookal eerste gebeur. Ons nutsman kan help met herstelwerk, onderhoud, installering, loodgieterwerk, ens.

SPA BEHANDELING NA SEKERE EISE:

Ons weet almal hoe senutergend 'n voertuigongeluk, kaping of inbraak kan wees – en juis daarom sal OUTsurance jou met 'n spa koopbewys bederf na 'n geldige inbraak of voertuigongeluk, inbraak of kaping eis.

REIS-MONITOR:

Met hierdie voordeel gee jy ons 'n luitjie as jy wil hê dat ons jou reis in Suid-Afrika moet monitor. Afhangende van hoe lank jou reis is, sal ons jou elke 30 of 60 minute bel. Sou ons kontak met jou verloor gedurende jou reis, sal ons met jou naasbestaandes (of wie ookal deur jou gespesifiseer is) en 'n goedgekeurde insleepdiens operateur in verbinding tree. Ons sal hulle van jou beplande roete en laaste bekende bestemming inlig.

KRUIDENIERSWARE UIT VOERTUIG GESTEEL:

Pas jou maandelikse inkopies gedoen en jou kar is gesteel of by ingebreek? OUTsurance sal tot R2,000 vir kruideniersware wat uit jou voertuig gesteel is, uitbetaal. Hierdie voordeel word beperk tot drie voorvalle per jaar waar daar sigbare tekens van geforseerde toegang is.

ADDISIONELE SEKURITEIT NA 'N INBRAAK:

Na 'n inbraak waar jou huis se sekuriteitstoestelle beskadig is, sal ons 'n sekuriteitswag stuur om jou en jou familie vir 'n skof van 12 ure te beskerm.

HANDSAK DEKKING:

Indien jy so ongelukkig is om in 'n moker-en-gryp of straatroof betrokke te wees en jou handsak word gesteel, sal OUTsurance jou handsak en die inhoud daarvan (behalwe kontant) vervang tot en met die waarde van R 5,000 (beperk tot R1,500 per item).

Ons sal boonop tot en met R2,000 betaal vir die vervanging van jou persoonlike dokumente soos jou ID, bestuurslisensie, paspoort, bankkaarte, ens. Hierdie is net nog 'n manier hoe OUTsurance dit makliker maak om so gou as moontlik weer op jou voete te kom.

MEDIESE, TRAUMA, MIV SORG EN REGSBYSTAND:

Wanneer jy Lady@OUT dekking uitneem, sal jy toegang hê tot nood mediese bystand, regsbystand asook trauma en MIV sorg. Dit 'n telefoniese adviesdiens wat jou dek vir die volgende dienste enige plek in Suid-Afrika:

Wat word onder Mediese Noodbystand gedek:

- Raad vir enige mediese/ trauma-noodgeval
- Verwysings na mediese praktisyns en fasiliteite
- Terugbetaalbare hospitaaltoelatingsdeposito tot R5,000
- Mediese noodreaksie en -vervoer (vervoer tussen hospitale uitgesluit)
- Stuur van dokter en/ of noodsaaklike medisyne
- Begeleide terugkeer van minderjariges as jy buite jou tuisdorp of stad gehospitaliseer word.

Trauma Sorg:

- Telefoniese berading en -ondersteuning asook drie persoonlike beradingsessies per voorval.

MIV-Sorg:

- Bloedtoetse – ten tye van voorval en weer op ses weke en drie maande;
- Drie-dag beginnerspak van anti-retrovirale behandeling;
- Medikasie teen Seksuele Oordraagbare Siektes.

Wat word onder regsbystand gedek:

- Telefoniese regsadvies en -bystand met regsdokumentasie bv. testamente en kontrakte.